HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK

KLOOFSTRAAT 129, KAAPSTAD
prinsipaal@janvanriebeeck.co.za / ontvangs@janvanriebeeck.co.za

UITGAWE 7

26 FEBRUARIE 2010

Jannewa

IN HIERDIE UITGAWE

- PSIGOMETRIESE DIENSTE
- KULTUUR
- KERKBASAAR
- DEURNAG VIR JESUS
- SKYFSKIET
- GASVRYHEIDSTUDIE
- NETBAL
- SWEM

HET jy

…dat die toetsreeks op 15 Maart (oor twee weke) begin?

Geagte Ouer

UITGEBREIDE PSIGOMETRIESE DIENSTE

Dit was nog altyd die ideale droom om elke leerling in ons skool psigometries te toets sodat die personeel met 'n akkurate evaluasie die volle potensiaal van leerlinge kan ontwikkel. Dit is 'n erkende feit dat meer as 95% van alle leerlinge nie hul volle potensiaal bereik nie weens gebrek aan kennis van eie vermoë, motivering, gebrekkige studiemetodes, gebrekkige vakkeuse- en beroepsvoorligting en beroepsblootstelling. Hierdie psigometriese evaluasie gerugsteun deur Human Progress Management sluit die onderstaande psigometriese evaluasie in en sal ook twee van ons Lewensoriëntering-personeellede opleiding bied ten einde bypassende studiemetodes aan te leer en kreatiewe voorligting op 'n deurlopende basis te doen.

1. Graad 8: Emosionele intelligensie en breinprofiel (Linker- of regter-brein dominant)
2. Graad 9: Aanlegtoets (DAT) om vakkeuses te bepaal.
3. Graad 10: Intensiewe implimentering van studietegnieke.
4. Graad 11: Emosionele intelligensie, breinprofiel, vaardigheid, belangstelling en persoonlikheid ten einde 'n beroepskeuse te maak.

Al die bogenoemde uitslae sal elektronies op elke leerling se profiel aangebring word en is beskikbaar indien leerlinge van skool verwissel. Hierdie inligting is onontbeerlik vir alle intervensie, remediëring en voorligting. Dit is derhalwe verpligtend vir al ons leerlinge van graad 8 – 11. Die koste vir leerlinge (gr. 8 – 10) is R50.00 per leerling en R250 vir graad 11-leerlinge. Hierdie koste sal reflekteer op die Maart-rekeningstaat van elke leerling en moet asseblief dan vereffen word. Die skool is trots om so 'n omvattende diens vir die leerlinge en ouers teen sulke absolute minimale koste te kon beding, maar is ook dankbaar en waardeer u samewerking tot volkome heil van al ons leerlinge. Rig asseblief enige navrae persoonlik aan die skoolhoof: prinsipaal@janvanriebeeck.co.za.

HAMMIES VAN NIEKERK

Kultuur weekliks aan die kook!

Toneel EENBEDRYWE: **777** repeteer Maandag; 01 Maart 2010 vanaf 15h00 tot 17h00 en **Boomplanter** vanaf 17:00 tot 19:00 in die skoolsaal.

Eisteddfod: Alle uitstaande gelde vir Eisteddfod-inskrywings moet spoedig by mej. Esterhuizen inbetaal word.

Koor: Eerste optrede op 14 Maart 2010 in Tamboerskloof-gemeente.

Teaterklub: Almal wat belangstel om **Siener in die Suburbs** te sien moet teen Maandag hul bespreking by Mnr. JJ van Niekerk maak sodat blokbesprekings gedoen kan word. Besprekings vir **Grease** is ook al oop.



Rotary debating: Our first round of debates took place on Monday night 22 February against Camps Bay High School. Both the junior and the senior teams won their debates. Congratulations to Kara Meiring, Kobus Meiring and Christiaan van Schalkwyk (juniors) and Nina Nicholas, Herman van Zyl and Hendrik Wessels (seniors). Herman also received the award as best senior speaker. Well done!

TOP 20 Fotografie kompetisie: Neem deel deur twee foto's in kategorieë, eie keuse en skoolaktiwiteit in te skryf. Die top 20-foto's word dan gekeur en die uitstalling vind plaas tydens ons eerste Kultuur-Jan Zoe op 14 April waar die wenner se foto geraam sal word. Inskrywings en verdere navrae kan gedoen word by Mia Louw, Clireesh Cloete of Mila de Villiers (Kabinet: Kultuur).

Jan Zoe-Sêr: Ons wens alle huise sterkte toe met die voorbereidings in hul massa-sêrprogram wat uitgevoer sal word op 14 April 2010.

Kontak mnr. JJ van Niekerk by
076 391 3414 / jjbvanniekerk@gmail.com
vir verdere navrae en
BLOKBESPREKINGS
vir Jan van Riebeeckers teen
slegs R150.00 'n kaartjie!

09 tot 18 Maart 2010

ARTSCAPE TEATER

KERKBASAAR

6 MAART 2010

08:00 – 13:00

By Tamboerskloof is die jaarlikse basaar 'n groot affêre. Behalwe vir die boereworsrolle, jaffels, pannekoeke, poeding en koektafels wat kreun onder die lekkergoed, maak ons ook ontbyt (met vonkelwyn – R40 'n kaartjie). Daar is ook 'n groente- en vrugtestalletjie, 'n boeketafel en 'n reuse saal vol wit olifante. Teen middagete sal daar afval- en kerriepotjies te koop wees om weg te neem of om by ons te nuttig in die koelte van 'n markiestent waar daar ook 'n kontantkroeg beskikbaar is. 'n Groot trekpleister is die kitch koekkompetisie en die tema vanjaar is "Zuma-kaskenades." Dit is 'n aksiebelaaide oggend met hope pret. Bring baie geld vir al die winskopies.

DEURNAG VIR JESUS

26 FEBRUARIE

Vrydagaand vind ons deurnag vir Jesus-aand plaas in die studentesentrum vanaf 18:00 - 07:00. Leerders sal ten alle tye binne die skoolgebou onder toesig wees. Ouers kan mnr. Bester skakel by 0836587230 vir enige navrae. Bring 'n sakgeldjie saam want die snoepie is deurnag oop.

SKYFSKIET

Paul-Charl het weereens die senior afdeling gewen. In die 3p was hy 14 punte voor sy naaste teenstander en in die 10m was hy 24 punte voor. Dit is 'n uitstekende prestasie so vroeg in die jaar. Hy het ook JvR se naam hoog gehou met sy gedrag.

Geluk Paul-Charl, JvR is trots op jou!

Gasvryheidstudie

Voorbereidings vir praktiese eksamen volgende week is in volle gang. Dankie aan elkeen wat kaartjies gekoop het en hierdie funksie vir ons moontlik maak. Die graad twaalfs is hierdie week bekend gestel aan vleissnitte en heerlike vleisdisse. Hoop julle het baie geleer.

Gr. 12-klastoets: 2 Maart

Gr. 11-klastoets: 4 Maart 2010

Gr. 10-klastoets: 5 Maart 2010

Ons is op soek na plastieksakke en roomysbakke met deksels. As dit in u pad lê, stuur dit gerus vir die praktiese klas.

NETBALPROEWE

Almal wat vanjaar netbal wil speel moet seker maak hul name is op die proewe-lyste op die kennisgewingbord. Proewe word in JvR-netbaldrag gespeel en vind op die twee bane plaas agter die busparkeerterrein.

Datums en tye:

0.16: Woensdag 3 Maart: 14:20 - 15:50

0.19: Woensdag 3 Maart: 16:00 - 17:00

0.14: Donderdag 4 Maart: 14:20 - 15:50

Enige verdere navrae: Me. R. Faber

SWEM

Baie geluk aan die volgende leerders wat opgeneem is in die **Wes-Kaap Skole-swemspan:**

Olivia de Waal, gr. 8, Henrico Harris, gr. 8, Jaco Steyn, gr. 9 en Chanté Zandberg, gr. 11.

Voorspoed met jul deelname in Bloemfontein op 4—6 Maart.

JAN ZOE NETBAL

Die gees was ongelooflik Dinsdagmiddag tydens die Jan Zoe-netbaltoernooi. Spanne was luidrugtig, uit hul nate en jy kon die spanning op die gesigte sien opbou, maar die reën het ons gestop. Die toernooi word op Dinsdagmiddag, 2 Maart vervat en afgehandel. Dit begin om 14:30 en sal ongeveer 15:45 klaarmaak.

	SENIORS		JUNIORS	
	BAAN 1	**BAAN 2**	**BAAN 3**	**BAAN 4**
14:30 - 14:40	R3 - D2	D1 - G3	R2 - D2	D1 - G3
14:40 - 14:50	G2 - R3	G1 - R1	G2 - R3	G1 R1
14:50 - 15:00	D3 - R3	D1 - G2	D3 - R3	D1 - G2
15:00 - 15:10	R2 - D1	G3 - D2	R2 - D1	G3 - D2
15:10 - 15:20	R2 - D2		R2 - D2	
15:20 - 15:30	1 - 2	3 - 4	1 - 2	3 - 4

KAPSTADTinternational PROPERTIES

ORANJEZICHT **R 3 950 000**

Prime Spot: Small 2 bedroom home in a most sought after position on Glen Crescent. South entry, north facing with FAB views, small garden, pool and garage.

To view, call Elisabeth Kretschmer

083 252 4562 or 021 242211

City Bowl 021 424 2211
www.kapstadtinternational.co.za

house home heart